
# Britannica *junior*



## Terugvoering

ELZA DU PREEZ
**Streekbibliotekaris, Vanrhynsdorpstreek**

Die **Britannica junior**-stelle wat tydens die Februarie/Maart 2010 biblioteektoer aan biblioteke uitgereik is, is oor die algemeen baie positief ontvang. Tyd is tydens die toerbesoeke ingeruim om die stel by elke biblioteek te bespreek, te verduidelik hoe die indeks werk en om die tabelle (blokke met onderwerpe) in die indeks-boekdeel uit te wys. Heelwat van die gewilde taakonderwerpe word deur hierdie tabelle gedek.

Bibliotekarisse is versoek om tydens die Mei/Junie 2010 biblioteektoer terugvoer te verskaf oor die gebruik van die 'blou stel' (soos party van ons personeel nou daarna verwys).

Ons het oorwegend positiewe kommentaar van bibliotekarisse ontvang. Party het aangedui dat die inligting in die **Britannica junior** bondig is. Personeel se aandag is daarop gevestig dat dit 'n junior en nie 'n senior ensiklopediestel is nie. Van die personeel voel dat die nuwe stel baie goed saam met ander naslaanbronne in die biblioteek gebruik kan word.

Leemtes en behoeftes van biblioteekgebruikers word tydens toerbesoeke bespreek. Daar was die afgelope paar jaar toenemend versoeke vir 'n nuwe ensiklopedie in Afrikaans omdat die leerders in ons plattelandse streke oorwegend Afrikaanssprekend is en hierdie stel voorsien dus in 'n baie groot behoefte. Dit was vir die streekpersoneel 'n aangename voorreg om die stelle aan biblioteke uit te deel en daar was baie glimlaggies!

Goeie terugvoer is ook van ons trolliebiblioteke (wheelie wagons) ontvang. Die trolliebiblioteke is in verafgeleë dele van ons streek geleë, ver van die grootpad af. Die **Britannica junior** maak vir hierdie mense nuwe wêrelde oop.

Hiermee ons streek se dank aan Jacklin Uitgewers vir 'n puik publikasie.

### *Ons deel biblioteke se terugvoering . . .*

**Cederberg Munisipaliteit**

- *Citrusdal Biblioteek:* **Britannica junior** is 'n groot aanwins vir ons biblioteek. Die feit dat dit in Afrikaans vertaal is, maak dinge vir ons soveel makliker.

- *Elandsbaai Biblioteek:* Die boeke werk soos 'n bom. Ons gebruik nie meer baie van die ander boeke vir 'n taak nie, want ons kry omtrent alles in die **Britannica junior**. Ons het gesukkel as die kinders 'n taak moes doen, maar nou is dit iets van die verlede.
- *Graafwater Biblioteek:* Ons geniet die **Britannica junior** verskriklik baie, omdat hierdie reeks al die inligting wat die kinders moet hê, bevat. Dit dek veral die nuwe kurrikulum wat take betref. Dit is maklik om te gebruik. Baie dankie - nou hoef ek nie meer die Sentrale Naslaanafdeling (in hoofkantoor) warm te bel nie. (*Jy kan steeds maar bel, hoor? SN*)
- *Lambertsbaai Biblioteek:* Genoeg inligting vir die laerskoolkind. Nie voldoende vir die hoërskoolkind nie - inligting te beknop.
- *Leipoldt-Nortier Biblioteek* (Clanwilliam): Die reeks is baie gewild. Die kinders sê dis maklik om te gebruik. Ons as personeel vind die reeks ook baie interessant en dit help baie met take.
- *TP Meyer Biblioteek* (Citrusdal): Dit werk baie goed. In die tydjie wat ons dit reeds in die biblioteek het, is dit baie gebruik vir take. Die kinders gebruik dit met gemak en vind gou die inligting. Baie handig. Vol inligting. Opsoekmetodes maklik.

### Matzikama Munisipaliteit

- *Doringbaai Biblioteek:* Dit is 'n baie goeie naslaanbron. Dit voorsien in die behoeftes van al die grade - van 1 tot 12 vir skooltake, projekte en naslaanwerk. Vir die hoër grade, vanaf graad 9 tot 12 is die inligting net 'n bietjie te kort. Die ensiklopedie bevat ook die nuutste inligting van hedendaagse gebeure.
- *Ebenhaeser Biblioteek:* Dit is baie leersaam en interessant. Leerders kry al die inligting wat hulle soek en hulle is baie beïndruk, want dit is in Afrikaans. Die laerskool- sowel as die hoërskoolleerders gebruik die stel.
- *Eureka Biblioteek* (Vredendal): Ek het goeie terugvoer gekry - die leerders is baie beïndruk met die formaat waarin die boeke gedruk is. Dis eenvoudig en baie maklik om inligting na te slaan. Die inligting is ook baie opgedateer.
- *Klawer Biblioteek:* Uitstekend! Maklik om te gebruik en te hanteer. Kindervriendelik. Dek feitlik alle onderwerpe.
- *Lutzville Biblioteek:* 'n Uitstekende naslaanbron in Afrikaans! Baie dankie vir dié inisiatief!
- *Troe-Troe Biblioteek* (Vanrhynsdorp): Dit is vir my as bibliotekaris 'n wonderlike stel. Dit is maklik om onderwerpe te soek en die inligting is voldoende. Die leerders self geniet die boeke terdeë, want daar is so baie inligting in wat soms nie elders in die biblioteek tot hulle beskikking is nie. Dit is selfs vir die volwassenes ook voldoende. Uit en uit 'n fantastiese reeks!
- *Uitkyk Biblioteek* (Lutzville): Dit is een van die beste naslaanreekse wat ons nog gehad het. Dis in Afrikaans en het baie van die onderwerpe wat die kinders as take by die skool kry. Dit skakel die gedurige soek vir die regte inligting in jou eie taal uit.
- *Vanrhynsdorp Biblioteek*: **Britannica junior** is baie handig vir leerlinge wat inligting in Afrikaans benodig. Inligting is baie bondig - dit is egter 'n goeie wegspringplek en kan met inligting uit ander bronne aangevul word.
- *Vredendal Biblioteek*: Bevat inligting oor 'n wye reeks onderwerpe met kruisverwysings. Die inligting oor sommige onderwerpe is baie min, want die artikels is baie kort. Wat verblydend is, is dat daar wel inligting beskikbaar is oor temas wat skoolkinders nou in hulle leerplanne benodig. Hoewel 'n mens dankbaar is dat daar na baie jare weer 'n stel ensiklopedieë in Afrikaans verskyn het, is dit my mening dat die opgradering van die **Wêreldspektrum** 'n beter opsie sou wees.

### Weskus Distrik Munisipaliteit

- *Algeria Trolliebiblioteek*: Baie dankie vir die ensiklopedie wat ons ontvang het. Dit word werklik waardeer. Ons gebruik dit baie om inligting te kry en navorsing te doen. As deel van die 'wheelie wagon-brigade', word dit hoog op prys gestel dat u ons ook ingesluit het by die uitreiking van hierdie Afrikaanse ensiklopedie.
- *Bitterfontein Biblioteek*: Ek het talle leerders ingelig oor ons nuwe blou ensiklopedie-stel, **Britannica junior**. Baie het inligting kom soek vir take. Somtyds was die inligting nie so volledig nie. Maar ek glo dat die stel vorentoe baie bruikbaar sal wees.
- *Kliprand Trolliebiblioteek*: Die blou ensiklopedie is gewillig onder die skoolkinders en die gemeenskap, omdat dit 'n nuwe Afrikaanse ensiklopedie is. (Die gebruik van die woord 'gewillig' in bostaande konteks moet 'n streekdialek wees waarmee ons nie bekend is nie.)
- *Molsvlei Trolliebiblioteek*: Die boeke is in groot aanvraag onder die leerders en baie het al hul take in die biblioteek uit die stel gedoen. Selfs die onderwysers het navraag gedoen of die ensiklopedie by ons beskikbaar is, sodat hulle leerders na ons kan verwys.
- *Nuwerus Biblioteek*: Die Britannica stel is baie voordelig. Baie skooltake is reeds daaruit gedoen. Baie dankie vir die stel.
- *Rietpoort Biblioteek*: Baie dankie vir 'n puik uitgawe **Britannica junior**. Leerders van ons plaaslike primêre skool kon met gemak navorsing doen en alle inligting kry, veral omdat die inligting in Afrikaans is. Selfs die onderwysers was beïndruk met die ensiklopedie wat so 'n breë spektrum van onderwerpe dek.
- *Stofkraal Trolliebiblioteek*: Baie dankie vir 'n uitstekende stel. Dit is vir ons 'n eer en 'n voorreg om dit tot ons beskikking te hê (in Afrikaans!). Verskeie leerlinge het dit al gebruik om 'n taak te voltooi of net om inligting te bekom. Dit is vir my as bibliotekaris ook baie interessant en leersaam om net deur te lees en my kennis te verbreed. Baie dankie!

### Depot

- *Wupperthal Biblioteekdepot*: Dit word gereeld gebruik vir take. Die kinders kan nou kom navorsing doen oor verskillende onderwerpe.